higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

FINANSIËLE BESTUUR
NKR VLAK 2

(3011012)

16 Maart 2020 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 1 antwoordblad.

580Q1S2016

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs blou of swart ink.
6. Alle BTW-transaksies moet teen 'n koers van 15% bereken word.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Besighede moet met tjeks betaal en sulke tjeks moet in die ... aangeteken word.

A debiteurejoernaal.
B kontantontvangstejoernaal.
C algemene joernaal.
D kontantbetalingsjoernaal.

1.1.2 Die algemeenste tipe bankrekening wat deur besighede gebruik word is 'n ...

A tjekrekening.
B leningsrekening.
C spaarrekening.
D 32 dae-kennisrekening.

1.1.3 Watter EEn transaksie sal nie op 'n bankstaat voorkom nie?

A Direkte deposito
B Lone
C Bankkoste
D Gedishonoreerde tjeks

1.1.4 Die inligting wat in die bankstaat vervat is wat nie in die kontantjoernale voorkom nie, moet in die ... aangeteken word.

A bankrekening
B proefbalans
C kontantjoernale
D klantjoernaal

1.1.5 Eienaarsbelang bestaan uit ...

A kapitaal.
B skryfbehoeftes.
C voorraad.
D verpakkingsmateriaal.

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Die verskil tussen die verkoopprys en die kosprys van sy produkte is 'n besigheid se ...

A bruto inkomste.
B bruto wins.
C netto wins.
D behoue inkomste.

1.1.7 'n ... is 'n dokument wat 'n sakeonderneming se doelwitte en finansiële strategie uiteensit.

A Kontantvloeistaat
B Inkomstestaat
C Balansstaat
D Sakeplan

1.1.8 Die rekeningkundige beginsel word op ... gebaseer.

A die dubbelinskrywingstelsel
B inskrywings in die joernale
C opstel van state
D bestuur van bates

1.1.9 Wanneer 'n onderneming goedere en dienste aan klante verskaf, hef die besigheid BTW op sodanige goedere en dienste. Dit staan as ... bekend.

A inset-BTW
B BTW uitgesluit
C uitset-BTW
D BTW ingesluit

1.1.10 'n Persoon wat 'n verskeidenheid algemene rekeningkundige ondersteuningstake vervul soos om die joernale te by the hou en by te werk staan as 'n ... bekend.

A afrigter
B mentor
C rekeningkundige klerk
D verskaffer

1.1.11 ... is 'n toename in die winspersentasie op 'n item of diens.

A Afslag
B Prysverlaging
C Toeslag
D Vaste koste

Kopiereg voorbehou

1.1.12 Alle banknote in Suid-Afrika word deur die ... gedruk.

A Reserwebank
B Nasionale Bank
C Internasionale Bank
D Regering

1.1.13 'n ... is 'n opdrag wat deur 'n trekker aan 'n bank gegee word om, op aanvraag, 'n bepaalde bedrag aan die toonder, benoemde persoon of korporasie te betaal.

A Debietorder
B Tjek
C Banknoot
D Stoporder

1.1.14 'n Besigheid se uitgawes moet in die berekening van die finale produk in ag geneem en van die ... afgetrek word.

A verkope
B bruto wins
C netto wins
D bruto inkomste

1.1.15 In die ... -stelsel word die rekeningkundige rekords gebruik om die voorraad voor hande op enige gegewe tydstip te bereken.

A gehaltekontrole
B deurlopende voorraadopname
C periodieke voorraadopname
D hoeveelheidkontrole

(15 × 1) (15)

Kopiereg voorbehou

1.2 Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	'n Faktuur wat aandui dat BTW op 'n transaksie gehef is	A	voorraadopgaring
1.2.2	Die ophoop van uitgediende voorraad of voorraad wat om ander redes nie verkoop kan word nie	B	inkomste
1.2.3	Die bankklerk wat klante se transaksies in 'n bank hanteer	C	behoue inkomste
1.2.4	Die finale verdienste van 'n besigheid na die betaling van rente, belasting en dividende	D	voorraadrotasie
1.2.5	'n Kredietfasiliteit wat deur banke aangebied word wat rekeninghouers toelaat om meer geld te trek as wat in die rekening beskikbaar is	E	lening
1.2.6	'n Element van die inkomstestaat	F	belastingfaktuur
1.2.7	Die plek waar die verkoop van goedere plaasvind	G	kredietnota
1.2.8	'n Dokument wat die bedrag aandui waarmee 'n klant se rekeninge gekrediteer is	H	teller
1.2.9	Om op die rugkant van 'n tjek te teken om aan te dui dat die tjek aan 'n derde party betaal mag word	I	verkooppunt
1.2.10	Geld of voorraad wat die eienaar vir persoonlike gebruik uit 'n onderneming neem	J	endossement
		K	oortrekking
		L	gekruis
		M	trekkings

(10 × 1) (10)
[25]

VRAAG 2

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die VRAAGNOMMER (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1.1 Diefstal deur 'n onderneming se werknemers kan nie tot 'n beduidend deel van voorraadverliese in 'n onderneming lei nie.

2.1.2 Wanneer die periodieke voorraadopnamestelsel gebruik word, moet alle voorraad in 'n onderneming aan die einde van die jaar fisies getel word om die omvang van die verliese te bepaal.

2.1.3 Uitgawes kan as 'n persentasie van verkope bereken word. 'n Afname in die persentasie is 'n aanduiding dat die uitgawes behoorlik bestuur word.

2.1.4 Indien 'n onderneming 'n depositoboek gebruik, word die deposito-strokies in triplikaat voltooi. Een kopie bly in die depositoboek en die ander word vir toekomstige verwysing geliasseer.

2.1.5 Maatskappye word ook op dividende wat aan aandeelhouers betaal word belas.

2.1.6 'n Geldmarkrekening bied tipiese voordele van spaar- en tjekrekenings aan rekeninghouers.

2.1.7 Dit is die ontvanger van geld se verantwoordelikheid om 'n tjek aan die betaler uit te reik wat as bewys dien dat 'n betaling gemaak is.

2.1.8 Met die uitsondering van 'n paar voedsel-items en huishoudelike produkte, word BTW teen 15% op goedere en dienste gehef.

2.1.9 Akkurate en volledige rekords verseker dat 'n onderneming se bates, laste, inkomste en uitgawes geïdentifiseer kan word en help die finansiële bestuurder om sterk- en swakpunte in die onderneming se bedryf uit te wys.

2.1.10 Verskaffers is vaste skulde in 'n onderneming.

(10 × 1) (10)

2.2 Voltooi die volgende sinne deur die korrekte woord of woorde tussen hakies te kies. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.2.1 'n Kontant- (ontvangste/betalings) -joernaal word gebruik vir die aanteken van kontant wat vir verkope, dienste gelewer, of as betalings van rekeninge van klante ontvang is.

2.2.2 Kontantvloei uit (beleggings/bedryfs) -aktiwiteite sluit kontant in wat van klante ontvang is, kontant wat aan krediteure betaal is, en dividende wat ontvang of uitbetaal is.

Kopiereg voorbehou

2.2.3 Vir die voorbereiding van 'n inkomstestaat sal al die (nominale/balansstaat) -rekeninge uit die algemene grootboek gebruik word.

2.2.4 Bruinbrood word teen (15%/0%) belas.

2.2.5 Die opstel van 'n proefbalans is die (vierde/vyfde) stap in die rekeningkundige siklus.

2.2.6 'n Minimumbalans moet in 'n (lopende/spaar) -rekening gehandhaaf word en 'n kennisgewingstydperk geld indien 'n groot bedrag geld daaruit onttrek gaan word.

2.2.7 Voltooide depositostrokies moet teen die (kwitansie/kontant) -boek geverifieer word.

2.2.8 Die (kleinkas/kaskontant) verseker dat kleingeld aan klante uitbetaal kan word wanneer hulle produkte aankoop.

2.2.9 In 'n (hand-/gerekenariseerde) rekeningkundige stelsel toon interne dokumente outomaties die volgende nommer in die stelsel.

2.2.10 Die metode om inligting in 'n gerekenariseerde stelsel te 'liasseer' is om gereelde (rugsteun/bywerkings) op die hardeskyf, CD of flitsaandrywers te maak.

2.2.11 'n (Ondersteunings/Bron) -dokument word gebruik om joernale op te stel.

2.2.12 'n Onderneming moet netto BTW bereken wat aan/van SARS betaal of teruggeëis moet word. Die finansiële bestuurder dien hierdie berekeninge op 'n (VAT201/VAT101) -vorm in.

2.2.13 'n Eienaar van 'n onderneming wat vind dat klante huiwerig is om te betaal kan betaling aanmoedig deur (rente/korting) aan te bied indien betalings binne 'n bepaalde tydperk gemaak word.

2.2.14 Die proefbalans word gebruik om die (algemene grootboek/ finansiële state) van 'n onderneming op te stel.

2.2.15 (Agteruitgang/Berging) is die verlies aan voorraad deur diefstal, breekskade en ander faktore.

(15 × 1) (15)
[25]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Onderskei tussen die volgende en gee EEN voorbeeld van elk:

3.1.1 Vaste bates (3)

3.1.2 Bedryfsbates (3)

3.2 Wanneer fondse vir 'n nuwe onderneming gegenereer word, moet 'n gedetailleerde sakeplan opgestel word.

Identifiseer VIER items wat in die sakeplan uiteengesit moet word. (4)

3.3 Verduidelik die verskil tussen 'n *stoporder* en 'n *debietorder*. (2 × 2) (4)

3.4 Noem TWEE nadele van 'n handboekhoudingstelsel. (2)

3.5 Bestudeer die inkomstestaat hier onder en beantwoord die vrae.

Inkomstestaat van Simba Traders for die jaar geëindig 30 November 2018		
Verkope		988 000,00
Minus: Koste van verkope		?
Beginvoorraad (01/12/2017)	120 000,00	
Plus: Aankope	260 000,00	
	380 000,00	
Minus: Eindvoorraad (30/11/2018)	(132 000,00)	
Bruto wins		740 000,00
Plus: Ander inkomste		12 000,00
Huurinkomste	12 000,00	
Bruto inkomste		752 000,00
Minus: Bedryfsuitgawes		(663 000,00)
Lone	?	
Salarisse	350 000,00	
Versekering	180 000,00	
Telefoon	12 400,00	
Brandstof	20 600,00	
Netto wins		89 000,00

3.5.1 Bereken die koste van verkope. (3)

3.5.2 Hoe word bruto inkomste bereken? (2)

3.5.3 Bereken die bedrag wat die onderneming vir die jaar aan lone betaal het. (4)

3.5.4 Wat is 'n ander woord vir verkope? (1)

3.5.5 Wat is die doel van 'n inkomstestaat?` (2)

Kopiereg voorbehou

3.6 Bestudeer die inligting van Simba Traders aan die einde van 2017 en 2018 en beantwoord die vrae.

	2018	2017
Verkope	988 000,00	860 000,00
Bruto wins	740 000,00	545 000,00
Netto wins	89 000,00	100 000,00

3.6.1 Gee TWEE moontlike oorsake vir die verandering in bruto wins van Simba Traders van 2017 na 2018. (2 × 2) (4)

3.6.2 Op grond van Simba Traders se netto wins, groei die onderneming of nie? Gee EEN rede vir jou antwoord. (3)

3.7 Chippie Lays het vir jare geld gespaar om sy eie bakkery, LAYS Bakery, op die been te bring. Hy kon nie genoeg geld spaar nie en het by FNB vir 'n lening, wat goedgekeur is, aansoek gedoen.

Ongelukkig moet hy 'n gebou huur om sy bakkery in te bedryf.

Omdat die ondernming nog jonk is, moet hy in verskilende media adverteer om met sy mededingers te kan kompeteer.

3.7.1 Noem TWEE bedryfsuitgawes wat in die bostaande gevallestudie genoem word. (2)

3.7.2 Noem TWEE maniere wat LAYS Bakery kan gebruik om hul bates te bestuur. (2)

3.7.3 Noem EEN vaste uitgawe van LAYS Bakery. (1)

[40]

VRAAG 4

4.1 Jy het 'n ingevoerde TV-speletjie vir R2 500 by Extreme Games gekoop. (BTW uitgesluit). Jy wil die speletjie vir R3 625 (BTW uitgesluit) aan 'n vriend verkoop.

4.1.1 Bereken die toeslagpersentasie. (3)

4.1.2 Bereken die inset-BTW-bedrag. (3)

4.1.3 Bereken die uitset-BTW-bedrag. (3)

4.1.4 Is jy enige bedrag aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens verskuldig vir die verkoop van die speletjie? Verduidelik jou antwoord. (3)

4.2 Noem TWEE metodes wat gebruik kan word om verkoopstransaksies in die besigheidstelsel in te voer. (2)

4.3 Op 15 November 2018 het Extreme Games nuwe voorraad ter waarde van R78 500 (BTW uitgesluit) op krediet by Games International aangekoop. Games International bied 2,5% korting indien betaling binne 30 dae na die verkoopdatum gemaak word.

Alle kontantklante ontvang korting van 5%.

4.3.1 Bereken die bedrag wat Extreme Games moet betaal indien hulle hul rekening op 30 November 2018 betaal. (3)

4.3.2 Hoeveel korting sou Extreme Games ontvang indien hulle kontant betaal? (2)

4.3.3 Gee EEN moontlike rede waarom Games International korting vir konantverkope aanbied. (1)
[20]

VRAAG 5

5.1 Extreme Games huur 'n stoorkamer aan Drops of Water teen R6 000 per maand. Die boekhouer, Toy Small, ontvang op 15 November 2018 'n tjek van Drops of Water, wat 'n rekeninge by BB Bank, Delmas, het. Toy reik 'n kwitansie uit as bewys dat betaling van die huurder ontvang is. Die volgende dag deponeer hy die tjek en 2 × R100-note uit die kasregister in Extreme Games se bankrekening (rekeningnommer 0675238103). Gebruik verwysingsnommer NOV18.

5.1.1 Gebruik die bostaande inligting om die aangehegte bankdepositostrokie (ANTWOORDBLAD A) te voltooi. (10)

5.1.2 Gee TWEE redes waarom dit belangrik is om dokumente in die besigheid veilig te bewaar. (2)

5.2 Onderskei tussen 'n

5.2.1 toondertjek en (2)

5.2.2 ordertjek (2)

5.3 Behoorlike beheer moet ingestel wees om die kleinkas in 'n onderneming te hanteer.

Beskryf TWEE beheermaatreëls. (2 × 1) (2)

5.4 Noem TWEE kleinkasstelsels wat Extreme Games in die onderneming kan gebruik. (2)
[20]

VRAAG 6

6.1 Extreme Games het 20 videospeletjies teen R90 elk aangekoop. Deur die jaar het hulle 15 speletjies verkoop. Aan die einde van die jaar het een speletjie tydens voorraadopname geval en gebreek. Extreme Games bereken die verkoopprys deur toeslag van 100% op kosprys by te voeg.

6.1.1 Bereken die bruto wins met breekskade in ag geneem. (5)

6.1.2 Bereken die bruto wins indien daar nie enige breekskade is nie. (5)

6.1.3 Watter invloed het breekskade op Extreme Games se bruto wins? (1)

6.2 Noem DRIE voorbeelde van bergingsuitgawes. (3)

6.3 Verskaf die formule om uitgawes as 'n persentasie van verkope te bereken. (2)

6.4 Beskryf kortliks TWEE metodes wat gebruik kan word om agteruitgang te verminder. (2 × 2) (4)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

(3011012)

STUDENTENOMMER:

SENTRUMNOMMER:

	–	9	9	9	9	–				

ANTWOORDBLAD

5.1 5.1.1

PEOPLES BANK
DEVON
DEPOSITOSTROKIE

Krediet: _____ **Datum:** _____

BANKSTEMPEL STAMP	**Betaal deur:** _____ **Handtekening:** **Tel: (___)**_____		**R**	**c**
		Note		
		Munte		
		MO/PW and PO		
		Subtotaal		

Trekker se naam	**Bank**	**Banknaam/kode**		
		Totaal		

Rekeningnommer										**Verwysing**					

Kopiereg voorbehou